# Die Olielamp in 2025 – 'n Verslag

'n Dankbare terugblik op 'n jaar van groei, uitbreiding, en genade.



## Die Woord weerklink!

Hierdie jaar was anders as die vorige twee jare in verskeie maniere. Nuwe uitbreidings in die Olielamp het vir ons lesers en luisteraars nuwe en meer maniere gegee om hulself weekliks te voed met Christelike materiaal. Deur die uitbreidings mog ons ook nuwe redaksielede verwelkom en so as span groei.

Die redaksie se lamp sou al lankal uitgedoof gewees het as ons slegs motivering in statistiek en nommers gesoek het. Al gee statistiek vir ons ‘n aanduiding van groei en potensiale strategie, strek die Olielamp vêr verby wat ons as mense definieer as sukses. Die Olielamp is immers ‘n roeping (Handelinge 1:8) en ‘n weerklinking van die Woord (Handelinge 4:19-20) – ‘n pragtige manier waarop God sy gemeente vergader regoor die wêreld! Deur die skrywers, redaksielede, taalversorgers, potgooi aanbieders en gaste, klankversorgers, en bemarkers se besige skedules heen, besef ons dat dit slegs genade uit God se hand is dat die lamp elke week nog mag brand!

Die doel van hierdie verslag is om te verstaan hoe ons as Olielamp mog groei die afgelope jaar. Statistiek en terugvoer laat ons toe om te verstaan wie ons leser is, hoe laat om te publiseer, en dies meer. Ons wil ook graag ons lesers en luisteraars ‘n oorsig gee van die stand van die Olielamp as ‘n weerspieëling van God se genade. Ons wil Hom verheerlik in alles wat ons doen en sodoende, as die Here wil, vorentoe kyk na ‘n geseënde 2026! Ons hoop van harte dat julle hierdie verslag nuttig, interessant, en opbouend sal vind!

*“Dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus, vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God” (Filippense 1:8-11)*

Die Olielamp Redaksie

# Uitbreidings

### Weeklikse Olielamp Oordenkings & Nuusflitse

Apart van die normale artikels wat op Saterdae gepubliseer word, word daar nou ook elke Woensdag aand 'n kort oordenking en/of nuutsflits gepubliseer wat deur 'n klein interne span geskryf word.

### Die Olielamp Potgooi nou ook op YouTube!

Die Olielamp Potgooi was voorheen slegs klank (Spotify en Apple Podcasts), maar word nou ook elke eerste Saterdag van die maand op YouTube met beeld gepubliseer!

“Die Here gebruik sy Woord en die verkondiging en oordenking daarvan op ‘n wonderbaarlike wyse deur sy Gees om ons te laat volhard op ons pelgrimsreis.”

[Die Woord Weerklink!, 10 September 2025]



# Die mediums waarmee die Olielamp jou bereik


Die Olielamp publiseer verskeie materiaal op verskeie digitale mediums. Die doel hiervan is om vir die leser/luisteraar 'n digitale medium na voorkeur te gee. Om verwarring te voorkom probeer ons sover moontlik die *"Alle paaie lei na die Olielamp webtuiste"*-beginsel te hou. As jy dus ooit vashaak, is die [Olielamp webtuiste](#) die plek om na te gaan!

Die Olielamp bereik jou deur die volgende mediums:

- Olielamp webtuiste: elke Saterdagoggend publiseer ons 'n artikel en elke Woensdagaand publiseer ons 'n oordenking/nuusflits.
- Weeklikse Whatsapp-groep: enige artikel/potgooi wat gepubliseer word word kort daarna op die Whatsapp-groep geplaas.
- Die Olielamp Potgooi: elke eerste Saterdag van die maand publiseer ons 'n potgooi op Spotify, Apple Podcasts, en YouTube.
- Instagram en Facebook: Bybelverse, 'n reeks oor die Heidelbergse Kategismus, mini-oordenkings, en links na artikels en potgooie word deur die loop van die week gepost.

| Olielamp Webtuiste | Whatsapp-groep | Die Olielamp Potgooi |
|---|---|---|
| 150+ +23% | 250+ +90% | 70+ |
| lede (via epos) | lede | subscribers |

| Instagram | Facebook |
|---|---|
| 180+ | 75+ |
| followers | followers |




# Veelsydige groei

Met meer beskikbare materiaal (meer artikels en oordenkings, social media posts, en potgooie), word daar steeds duidelike groei waargeneem. 'n Wye verskeidenheid van onderwerpe maak die materiaal vir oud en jonk opbouend, leersaam, prakties en toepaslik[1].

| 66 +29% | 115 +187% | 12 +140% |
| --- | --- | --- |
| artikels en oordenkings | social media posts | potgooie |


## Onderwerpe

Van die pragtige skepping tot Bybelse uitkyke op ons allerdaagse besluite tot oorloë en nuus in die wêreld probeer die Olielamp 'n balans te handhaaf om 'n verskeidenheid van onderwerpe te publiseer. Hierdie was die onderwerp groepe wat behandel was in die artikels, oordenkings, potgooie, en op sosiale media in 2025:




## Aantal besoeke op ons webtuiste

In 2025 is ons webtuiste ongeveer 27500 keer besoek met 'n gemiddeld van 1.71 besoeke per leser. Dit werk uit op 'n gemiddeld van 88 besoeke per dag. Gebaseer op vorige jare se data van November tot Desember, verwag ons dat die Olielamp webtuiste nog ongeveer 5250 keer besoek sal word hierdie jaar.




## Besoeke per dag van die week

Sondae is die aktiefste dag van die week met 'n gemiddeld van 126 besoeke. Vrydae is die stilste met 'n gemiddeld van 63 besoeke. Vandat ons met die oordenkings projek begin het in September, kry ons min of meer dieselfde aantal besoeke op Woensdae as op Sondae.



## Gebruikersverspreiding oor die wêreld

Alhoewel Suid-Afrika by verre die hoogste aantal gebruikers het op ons webwerf (14422 gebruikers, uitgesluit van die kaart), het ons ook verkeer van ander lande gekry in 2025, waar Namibië (366 gebruikers), die Verenigde State van Amerika (330 gebruikers), Nederland (191 gebruikers), en Duitsland (153 gebruikers) uitstaan. Namibië, VSA, en Nederland was ook deel van 2024 se statistiek. Dit is onbekend vir ons of ander lande, soos die VSA en China, gebruik maak van vertalingsfasiliteite soos Google Translate.



# Bydrae

Ons wil graag almal bedank wat agter die skerms werk, baie moeite insit met die skryf van hulle artikels, en probeer om 'n verkoue te vermy rondom die tyd wat hulle in die potgooi ateljee verskyn!

| | | |
|---|---|---|
| 17 +42% | 48 +12% | 9 |
| redaksielede | skrywers | potgooigaste |

# Kontak ons


E-posadres: olielamp02@gmail.com

Webtuiste: olielamp.vgk.org.za

Meningsopname: https://tally.so/r/nP7Wk5


[1] Na aanleiding van ons onlangse meningsopname resultate.

% groei = (2025-2024)/2024 word in **turqouise** of **groen** aangedui langs die statistieke.

2025 se data is verkry op 8 November 2025. Skattings vir die res van die jaar word nie ingereken nie tensy aangedui deur **turqouise** in plaas van **groen**.

Al die data is verkry deur ons platforms en Google Analytics. Grafieke gemaak met Graphy.